

Gereformeerde Kerk Bellville – 7 Junie 2015 – oggend

Sing vooraf staande: Psalm 71:6, 11 (p. 654)

- 6 As haas my lewendag gedaan is / en skemering daal neer – / verlaat my dan nie, HEER!
Versterk die krag wat al vergaan is, / dat met die aardse lewe / u hulp my nie begewe.
- 11 Ek soek, o God, aan U verbonde, / u hulp, nou ouderdom / en grysheid oor my kom.
Verlaat my nie; gun tyd en stonde; / Dan stel 'k u magsvermoë / Aan kind en kroos voor oë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dae bly, / die werke van sy hande.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Gebed

Psalm 139:6, 7, 8 (p. 675)

- 6 U 't my geheel en al deurgrond, / selfs voor my eerste lewenstond.
Gans wonderbaarlik voortgebring, / sal ek verbaas u grootheid sing
as ek aanskou u grootheidsmärke. / Hoe wonderlik is al u werke!
- 7 U oog sien in die dieptes neer, / U 't my gebeente aanskou, o HEER,
toe ek, van mense ongemerk, / soos kunsborduurself fyn bewerk,
gemaak is in die aarde onder – / 'n toonbeeld van u skeppingswonder.
- 8 U het, daar niks u blik weerhou, / my ongevormde klomp aanskou.
U wysheid, HEER, wat nimmer faal, / het my geboortestond bepaal;
voor iets van my 't begin te lewe, / was alles in u boek geskrewe.

Skriflesing: Psalm 139

Kernverse: Psalm 139:13-16

Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed. My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim maak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal

opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie. (Psalm 139:13-16 AFR53)

Tema: Wie oor die mens se lewe beskik

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die Roomse Kerk in Ierland staan verslae oor die uitslag van 'n referendum wat op Saterdag 23 Mei in Ierland gehou is. Twee en sestig persent van diegene wat aan die referendum deelgeneem het, is ten gunste daarvan dat homoseksuele mans met mekaar en lesbiese vroue met mekaar mag trou. Hierdie referendum baan die weg dat die Ierse parlement die wetgewing oor hierdie saak dienooreenkomstig kan wysig.

Politici oorleef deurdat hulle die landsburgers se gevoelens sowel as hulle voor- en afkeure in ag neem. Regerings wat hulle grondwet op menseregte bou, moet met hulle wetgewing doodeenvoudig aanpas by die grille en giere van die burgers anders is daar met die volgende verkiesing iemand anders aan bewind. Omdat regeerders by die samelewing se siening aanpas, verwag mense dat die kerk se verkondiging oor kontroversiële vraagstukke ook moet verander sodat almal geakkommodeer kan word. God is mos die God van liefde, is die mensdom se betoog. Daarom moet die kerk hierdie liefde verkondig en vertoon deur almal te akkommodeer.

Een so 'n kontroversiële vraagstuk is die een van sogenaamde genadedood. 'n Maand gelede was hierdie vraagstuk op baie mense se lippe toe die Hoë Hof in Pretoria goed-gekeur het dat 'n voormalige advokaat 'n dodelike middel toegedien kan word om te sterf. In die hof het die man se prokureurs aangevoer dat hy in pyn en lyding verkeer weens sy kanker en dit druis in teen sy grondwetlike reg op menswaardigheid. 'n Week na hierdie hofuitspraak is daar ook berig dat daar nog drie mense is wat soortgelyke hofaansoeke voorberei omdat hulle terminaal siek is. Op die nuuswebblaaie het daar heelwat debat gevolg op hierdie hofuitspraak. Daar is mense wat ten gunste van so manier van sterf is en daar is mense wat geheel en al daarteen gekant is.

Broers, susters en kinders, om 'n antwoord op hierdie etiese vraagstuk te kry, moet ons egter nie na die samelewing, dokters, filosowe en politici luister nie. Ons moet ook nie eers na teoloë luister nie. As gelowiges kan ons net by die Here self 'n antwoord op hierdie vraagstuk kry, daarom moet ons na die Woord van die Here luister. In plaas daarvan dat ons nou in die Bybel gaan soek na voorbeelde van die sogenaamde genadedood – daar is voorbeelde daarvan – moet ons nou eers uitkom by die beginsel wat die Here ons leer. Vanuit hierdie beginsel wat die Here vir ons gee, kan ons na die vraagstuk begin kyk. 'n Laaste opmerking is dat hierdie een net so kompleks is, soos baie van die ander etiese vraagstukke waarmee gelowiges te doen kry. Daarom word daar nie aanspraak gemaak dat daar in hierdie een preek antwoorde op elke moontlike faset van hierdie vraagstuk gegee sal word nie.

In die eerste drie dele van Psalm 139 openbaar die Here drie eienskappe van Homself aan ons – Hy is alwetend, alomteenwoordig, en almagtig en soewerein. In vers 1 tot 6 openbaar die Here Homself as die alwetende God. Dawid bely dat die Here elke gedagte en plan van hom ken. Daar is nog nie eers 'n woord wat hy gespreek het nie of die Here weet dit al.

Vervolgens openbaar die Here sy alomteenwoordigheid (Ps 139:7-12). Daar is geen plek in die hele skepping waar 'n mens kan gaan om van die Here te ontvlug nie. Orals waar hy kom, sê Dawid, is die Here reeds daar. Selfs nie eers die duisternis is donker genoeg om 'n mens van die oë van die Here te verberg nie.

Die gedagte dat selfs die duisternis 'n mens nie van die Here se oë kan versteek nie, lei Dawid om na te dink oor die dae voor sy geboorte toe hy in die skoot van sy moeder gevorm is. Die moederskoot is die *geheime plek* en die *dieptes van die aarde* (vers 15) waar hy gemaak is en kunstig geweef is. As daar dan 'n tyd was dat 'n mens in die duisternis verseël was waar niemand 'n mens kan sien nie, is dit beslis die tyd voor die mens se geboorte. Daar is immers 'n stadium dat selfs die ma nie eers weet van die mensie wat in haar skoot gevorm word nie. Maar dit is juis in daardie stadium dat 'n mens die ontvanger is van die Here se sorg en aandag:

Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef.
(Psalm 139:13 AFR53)

Wanneer hier gesê word dat die Here die mens se niere gevorm het en hom in sy moeder se skoot geweef het, maak die Heilige Gees duidelik dat die Here elke mens in sy totaliteit skep binne in die moederskoot. Niere verwys in die Bybel na die orgaan in die mens en is ook verwysing na die mens se diepste emosies. Die Here skep ook nie net lewe nie. Met elke afsonderlike mens skep die Here 'n lewe. Van die oomblik van bevrugting af is die ongevormde klomp – die embryo – van die mens sigbaar vir die Here en Hy bepaal al die dae van daardie mens wat Hy vorm nog voordat daardie dae gebeur het. Die Here is nie net werksaam met die mens van sy geboorte tot sy dood nie. Van bevrugting tot die dood van die mens is alles die handewerk van die Here. Die mens se tye is dus in die hande van die Here (Ps 31:16). Om dan te sê dat iets wat in so 'n fyn balans en kompleks is soos die mens se liggaam maar net die gevolg van evolusie is, is niks minder as verregaande en belaglik nie. Wie sulke dinge kwytraak, is besig om die Here van sy eer en heerlijkheid te beroof.

Die beginsels wat die Heilige Gees ons tot dusver op gewys het, is die volgende:

- Die Here skep lewe
- Die Here skep die mens
- Die Here bepaal die tye van die mens – die tydstip van sy geboorte en sy dood

Maar nou lees ons die volgende woorde in vers 14:

Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke!
(Psalm 139:14 AFR53)

Alhoewel die presiese vertaling van hierdie vers baie gedebatteer is, vat hierdie vers tog die kern van vers 13 tot 16 saam. Die skepping van die mens deur die Here is 'n vreeslik, wonderbare daad. Die woord wat ons met *vreeslik* vertaal hou verband met die woord *vrees* wanneer die Here sê dat ons Hom moet vrees. Hierdie vrees is nie om vir die Here bang te wees nie, maar om ontsag en eerbied vir Hom te hê. Dit is oor hierdie vrees vir die Here dat 'n mens weet dat jy nie sommer so in die teenwoordigheid van die Here kan kom nie. Hy is immers heilig en almagtig. Sy hoë majesteit is vir die mens verblindend. Maar tog openbaar die Here dat Hy die mens naby Hom wil hê. Hy wil gemeenskap met mense hê. Deur sy verbond tree Hy in 'n verhouding met die mens. En aangesien die Here die Skepper en Onderhouer van die mens se lewe is, dring die Gees 'n mens om in die teenwoordigheid van die Here te wil wees. En ons goeie God maak deur sy Seun Jesus Christus dit uiteindelik vir ons moontlik om in sy teenwoordigheid te wees.

Wanneer 'n mens dus as sondaar in die teenwoordigheid van die heilige God kom, weet jy aan die een kant dat jy eintlik nie daar hoort nie, want God verdra geen sonde nie. Dit is slegs op grond van Christus se volmaakte verlossingswerk dat 'n mens tot God kan nader. En ter wille van Christus wil 'n mens tot God nader. Dit is wat dit beteken om die Here te vrees.

Maar wat is dan so vreeslik wonderbaar aan die mens wat deur die Here geskep word? Daar moet dus mos iets aan die mens wees wat eie aan God self is. Om agter te kom wat dit is, lei die Heilige Gees ons na die skepping van die eerste twee mense wat in Genesis 1 aan ons beskryf word. Daar sê die Here self:

Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. (Genesis 1:26-27 AFR53)

Die Here het dus die mens na sy beeld geskep. Hy het die mense geskep sodat hulle in hulle optrede teenoor mekaar en in hulle heers oor die skepping Hom kan verteenwoordig. In Sondag 3 bely ons wat dit beteken dat mens na die beeld van God geskep is. Die mens is ***in ware geregtigheid en heiligheid*** geskep, ***sodat hy God, sy Skepper, reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.***

En alhoewel die sondeval die beeld van God in die mens grootliks geskend het, het die Here nog nooit daarna gesê dat die mens nou net 'n ding soortgelyk aan 'n dier geword het nie. Intendeel, wanneer die Here na die sondvloed met Noag praat oor die beskerming van die mens se lewe sê Hy onder andere:

Maar wat julle eie bloed betref, dit sal Ek eis: van al die diere sal Ek dit eis. Ook van die mens, van die een teenoor die ander, sal Ek die siel van die mens eis. Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak. (Genesis 9:5-6 AFR53)

Die beeld van God is in die mens verbrokkel vanweë die sondeval. En weens die sondige aard van die mens kom daar skaars nog iets van die ware geregtigheid en heiligheid waarin God die mens geskep het na vore. Maar die verbrokkelde beeld van God in die mens is nie iets wat die Here daar laat nie. Sy handewerk is vir Homself te kosbaar om sommer net so te laat vaar. Daarom het sy Seun mens geword om die mense van hulle sonde en ellende te verlos, en die Heilige Gees sit hierdie verlossingswerk voort deur die beeld van God in die verlore mense te herstel. Omdat die Here die mens met soveel waarde geskep het – as beeld van God – en omdat Hy hierdie waarde van die mens handhaaf selfs na die sondeval, beveel die Here:

Jy mag nie doodslaan nie. (Eksodus 20:13 AFR53)

Op grond van die vier beginsels, naamlik dat

- die Here lewe skep;
- die Here die mens skep;
- die Here die tye van die mens – die tydperk van sy geboorte en sy dood – bepaal; en
- die Here die mens na sy beeld geskep het, sowel as die bevel: Jy mag nie doodslaan nie,

kan ons nou na die vraagstuk oor genadedood terugkeer.

Weens die sondeval is die mens bestem om een maal te sterf (Heb 9:27). Die vraag is nou: Wanneer en hoe sal die mens sterf? Kom ons luister wat die Here verder aan ons sê.

Daar is vroeër melding gemaak van twee voorbeelde van sogenaamde genadedood in die Bybel. Die eerste geval is dié van Abimeleg van wie ons in Rigters 9 lees. Nadat 'n vrou

’n meulsteen van ’n toring af op hom laat val het, is sy skedel verbrysel. Omdat hy nie aan die hand van ’n vrou wou sterf nie, het hy sy wapendraer gevra om hom dood te maak.

Die tweede geval is dié van Saul. Nadat die leër van Israel deur die Filistyne verslaan is en die seuns van Saul gesterf het, het Saul uit vrees vir die boogskutters sy wapendraer gevra om hom dood te maak. Die wapendraer wou dit egter nie doen nie, daarom het Saul selfmoord gepleeg deur in sy swaard te val (1 Sam 31:1-6). Saul wou nie hê dat daar gesê word dat onbesnedenes hom doodgemaak het nie. In albei gevalle het die twee wat versoek het om te sterf dit gedoen omdat hulle eerder aan hulle eie eer gedink het as aan die bevel van die Here. Dit is dus nie geldig om hieruit ’n gunstige blik op die sogenaamde genadedood te kry nie.

In die Skrif kry ons nie ’n bevel om mense uit hulle ellende te help deur hulle dood te maak nie. Die Here gee eerder die opdrag om die mense wat ellende en swaarkry beleef te help versorg en hulle kruis vir hulle draagliker te maak. Ten opsigte van weduwees en weeskinders gee die Here uitdruklike bevele – daar moet na hulle omgesien word. Dit is immers vir die kerk van die Here ’n voorreg om na die weduwees om te sien (Hand 6:1-7; 1 Tim 5:16).

Vir so baie mense het bejaardes ’n las en ’n oorlas geword in vandag se lewe. Die Here gee oor die bejaardes die bevel dat hulle nie verstoot mag word nie, maar versorg en geëer moet word (Lev 19:32; Matt 15:3-5; Efes 6:2; 1 Tim 5:4, 8). Luister net na die gebed van die digter in Psalm 71:

Verwerp my nie in die tyd van die ouderdom nie, verlaat my nie as my krag gedaan is nie. (Psalm 71:9 AFR53)

Verder moet ons ook tussen die heiligheid van die lewe en die kwaliteit van die lewe onderskei. Uit die Bybel leer ons dat ’n mens moet lewe selfs al is die kwaliteit van die lewe nie baie goed nie. ’n Mens wis die lyding van ’n mens nie met die dood uit nie. Die lyding wat oor ons kom, is ook deur die Here beskik. So bely ons dit immers in Sondag 10 as daar vir ons gevra word wat ons onder die voorsienigheid van God verstaan: **Die almagtige en alomteenwoordige krag van God, waardeur Hy die hemel en die aarde en al die skepsels as met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie maar uit sy vaderhand toekom.**

Wanneer daar dus swaarkry oor ’n gelowige kom, moet hy nie die Here voor stok wil kry nie. So iemand moet maar eers seker maak of dit as gevolg van sy eie sonde is dat hy swaarkry. As dit die geval is, moet hy sy sonde voor die Here bely en om vergifnis sreek. Wanneer dit ’n swaarkry is sonder ons eie toedoen, moet ons die Here sreek om ons krag te gee om die swaarkry ter wille van die eer van sy Naam te dra (2 Kor 12:1-10). Die Here sal nie swaarkry oor ’n mens bring as Hy dit nie nodig ag nie (1 Pet 1:6-9).

Die voorstanders van genadedood gaan van die veronderstelling uit dat ’n mens se lewe net waarde het solank as wat die mens se lewe nog kwaliteit het. Dit beteken as die mens se lewe nog van waarde is vir die samelewing en vir die mens self. Wanneer die goeie kwaliteit van die lewe vir ’n mens geëindig het in lyding, is hulle van mening dat dit tyd geword het om te sterf. Lying druis dan kwansuis in teen die grondwetlike reg op menswaardigheid.

In ons nadink oor die lewe is menswaardigheid en die kwaliteit van die lewe nie die eerste waaroor ons dink nie. Vir Christene gaan dit oor die heiligheid van die lewe. Lewe is die

skepping van die Here. Hy wil lewe beskerm en mense red, want Hy het mense na sy beeld geskep. Dit is nie sy wil dat 'n mens moet sterf en verlore gaan nie, maar dat hy sal lewe en hom bekeer. Daarom hou die lewe nie op wanneer die "goeie lewe" geëindig het nie. Die lewe hou ook nie op wanneer lyding begin het nie. Die lewe hou slegs op wanneer die Here sê dit is nou klaar. En so lank as wat die Here nog lewe aan 'n mens gee, lewe 'n mens ongeag die omstandighede, want Hy het die lewe gegee. Dit is dus nie die kwaliteit van die lewe wat 'n mens se lewenseinde bepaal nie, maar die Here self.

Genadedood is die gerieflike uitkoms wat die mens self kies om van lyding en swaarkry ontslae te raak. Dit is ook net nog 'n bewys dat die mens nog nooit opgehou het om God se plek te wil inneem nie. Hy wil self oor sy sterfdatum en wyse van sterf besluit omdat hy oënskynlik 'n beter besluit as die Here kan neem. Ons het nie genadedood nodig nie, want ons kan nie God se plek inneem nie. Ons het genadediens nodig, want dit is die plek wat die Here aan ons toegesê het. Ons het minder mense soos Job se vrou nodig wat gesê het:

Bly jy nog steeds vroom? Vervloek God en sterf! (Job 2:9 AFR83)

Ons moet eerder soos Job sê:

As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?
(Job 2:10 AFR83)

Die wettiging van aborties was egter net die begin van die glybaan waarop die mens homself in Suid-Afrika geplaas het. Die hofuitspraak van 'n maand gelede was maar net nog 'n stroomversnelling op hierdie glybaan. Ek sal my nie verbaas as daar uiteindelik besluit sal word om genadedood ook te wettig nie, want menseregte tel mos meer vir die samelewing en regering as die reg van die Here. Die volgende stroomversnelling op hierdie glybaan sal vir die Christene net nog meer skrikwekkend wees – kom ons wis die ongewensdes in die samelewing uit. Hierdie stroomversnellings is normaal vir mense wat die evolusieteorie indrink. Mense is mos maar net diere – diere van 'n hoër orde, maar steeds diere – so glo hulle.

Geliefdes, genadedood is 'n oortreding van die sesde gebod. Al versoek die sieke of lydende een om te sterf, bly dit wederregtelike doodslaan, want dit gaan nie oor die mens se regte nie, maar oor die reg van ons heilige God.

Hoe moet ons dan maak indien iemand in pyn en lyding sou vra om te sterf? Die Here wys ons wat om te doen in die geskiedenis met sy profeet Jona. Jona het by geleentheid gesê:

o HERE, neem dan nou tog my siel van my weg, want dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe ... Dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe ... Ek het rede om vertoornd te wees tot die dood toe. (Jona 4:3, 8, 9 AFR53)

Wanneer mense sulke woorde sê, moet ons hulle nie help om te sterf nie, ons moet eerder doen wat die Here met Jona gedoen het. Ons moet hulle versorg en vertrou en met hulle praat. Die dood is immers nie ons vriend nie, soos wat met genadedood voorgestel wil word nie. Die dood bly ons laaste vyand – die laaste vyand wat Christus dan ook finaal sal oorwin sodat sy broers en susters tot in ewigheid nie sal sterwe nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 92:6, 7 (p. 467)

- 6 'n Palmboom hoog en rustig, / 'n seder sterk en skoon / met breë blarekroon –
so groei Gods volk, so lustig. / Hul groei deur Gods genade: / hul bloei daar hoog en fris,
waar God se voorhof is, / in skone lofgewade.
- 7 Hul groei in balsemlugte; / selfs in hul ouderdom / sal daar geen mind'ring kom
van bloei en eedle vrugte. / Hul lof sal nie verstom nie: / Die HEER is reg! en Hy,
Hy is 'n rots vir my! / Geen onreg is in Hom nie.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 119:39, 63 (p. 594)

- 39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.
- 63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede, / u gebooie nie vergeet.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
7 Junie 2015